

Gereformeerde Kerk Bellville – 3 Junie 2018 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 15:1, 4 (p. 57)

- 1 Wie styg so hoog in heil en eer, dat hy met U, die grote Koning,
met U, die allerhoogste HEER, / kan op u heil'ge berg verkeer / en intrek in u heil'ge woning?
- 4 Dié wat hom van die manne keer / wat God en sy bevel nie vrees nie;
maar die godvrugtiges wil eer, / en in sy eed nie valslik sweer, / of aan sy woord ontrou wil wees nie.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 48:1, 4 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.
- 4 Ons wil, o HEER, wat redding skenk, / aan al u goedheid bly gedenk
as ons tesaam is in u woning. / Net soos u Naam is, grote Koning,
so is u glansverskyning: / die vyand se verdwyning
word aan die volkere bekend / tot by die aard' se verste end.
U hand wat nooit die kwaad gedoog, / rys vol geregtigheid omhoog.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Skrifberyming 9-1:1, 5, 11 (Sb 26)

- 1 My siel herdink met sidderbewe / hoe God, met majesteit beklee,
deur wolke^oen donkerheid omsweve, / sy wet op Horeb het gegee:
- 5 Misbruik die Naam van God die HEER nie, / en bly altyd jou eed getrou,
want hulle wat sy Naam nie eer nie, / sal God geensins onskuldig hou.
- 11 Ons het, o HEER, u wet weerstrewe, / genade^ois al waar ons op pleit;
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Gebed

Psalm 19:5, 7 (p. 83)

- 5 Die HEER se vrees is rein, / dit open 'n fontein / van heil wat ewig bly.
Die wette van die HEER / is waarheid immermeer, / regverdig net soos Hy.
Hul's soos die fynste goud – / ja, fyner duisendvoud – / geen glans wat so kan straal nie;
geen heuning is so goed, / geen heuningdrup so soet – / daar's niks wat daarby haal nie.
- 7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad / u heil'ge wil weerstreef;
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry / van groot oortreding leef.
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond, / o HEER, op wie 'k vertrou het,
U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees – / my Rots, op wie 'k gebou het.

Skriflesing: Matteus 5:17-20, 33-37; 23:16-22

Kernverse: Matteus 5:34a, 37

Maar Ek sê vir julle: Sweer hoegenaamd nie.

Maar laat julle woord wees: Ja ja, nee nee. Wat meer as dit is, is uit die Bose. (Matteus 5:34a, 37 AFR53)

Tema: Burgers van God se koninkryk is mense van hulle woord

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ek is daarvan oortuig dat almal van ons graag wil hê dat ander mense met ons net die waarheid sal praat. Dit is mos nie lekker om heelyd te wonder of iemand anders nou die waarheid praat of nie. Wanneer 'n mens nie seker is of jou medemens die waarheid praat nie, is dit 'n hindernis in 'n mens se verhouding met die ander mens. Julle bly heelyd op 'n afstand van mekaar, want julle weet nie of julle mekaar regtig kan vertrou nie. En as dit die toedrag van sake is tussen mense wat eintlik naby aan mekaar moet wees, soos broers en susters in 'n huisgesin of man en vrou in die huwelik of selfs tussen gelowiges in dieselfde gemeente, is dit bitter sleg. Die verhouding tussen julle bly dan altyd maar net so effentjies. Ons ken mekaar, maar ons ken mekaar nie regtig nie, en daarom sukkel ons om mekaar te vertrou en gee ons ook nie regtig vir mekaar om nie.

Van die begin af wou die Here nie hê dat 'n mens alleen, los en ver van ander mense af moet lewe nie. Daarom het Hy vir die eerste man 'n vrou gemaak wat by hom pas. En God het aan hulle die vermoë gegee en geseën om kinders in die wêreld te bring. Die Here wil hê dat mense in gemeenskap met mekaar sal lewe. Om hierdie verhouding van mense met mekaar te laat groei, het die Here ook die gawe vir die mens gegee om te kan praat en skryf. Dit is mos wanneer mense met mekaar praat en na mekaar luister dat hulle mekaar leer ken. So leer ons God immers ook ken. Hy praat met ons en ons luister na Hom.

Maar sedert daardie droewige dag toe Adam en Eva eerder na die Satan geluister het as na die Here het die leuen in die mens 'n vastrapplek gekry. Alle mense is tot in hulle diepste wese met hierdie dodelik gif getref. Die duidelikste waar dit waargeneem kan word, is in die woorde wat mense praat. Oor die algemeen is mense se woorde net 'n formaliteit – hulle sê en vra sekere dinge want dit is fatsoenlik en intussen bedoel hulle nie noodwendig wat hulle sê en vra nie. Mense groet mekaar en vra hoe dit gaan, maar hulle vra dit net uit gewoonte en nie omdat hulle altyd daarin belangstel hoe dit met jou gaan nie. Daarom antwoord mense ook iets uit gewoonte, soos om te sê dit gaan goed, terwyl dit miskien glad nie eers goed gaan nie. Of ons sê baie maal iets sonder om te dink oor wat ons sê en watter effek dit op 'n ander mens sal hê. En as ons oor ons onnadenkende woorde aangespreek word, maak ons verleë 'n grappie daarvan en sê dat ons nie bedoel het om iemand seer te maak nie.

Die gif van die sonde en die sondige natuur is egter nog dodeliker as hierdie oppervlakkige en onnadenkende woorde. Wanneer 'n mens in 'n hoek gedryf is, en deur die waarheid te praat vir homself groot skade meebring, skroom hy nie om te lieg nie. Al beteken dit dat sy leuen 'n ander mens skade kan berokken, deins hy nie terug om te lieg nie, solank hy in die oë van mense nie te sleg lyk nie. So het die mooi gawe om met mekaar te kan praat in baie opsigte 'n gevaarlike wapen geword waarmee mense mekaar benadeel.

Broers, susters en kinders, gelukkig het die Here die wêreld nie so in die leuens en bedrog gelos nie. In sy groot genade het Hy 'n ordereëling gegee. In 'n wêreld wat vol onsekerheid is as gevolg van die leuen en onbetroubaarheid van mense, het die Here die eed gegee.

Die eed is die ordelike maatreël waarmee God self waarheid en sekerheid aan die mens se woorde wil teruggee. As 'n mens die Ou Testament nagaan, kom 'n mens agter dat die sweer van 'n eed nie 'n bevel van die Here is nie. Net soos wat ons enkele weke gelede gehoor het dat egskeiding ook nie 'n bevel van die Here is nie. Die sweer van 'n eed is, soos egskeiding en die gee van 'n skeibrief, ordemaatreëls waarmee die Here 'n wal teen die vloedgolf van die sonde oprig. As die Here nie sulke maatreëls gee nie, sou daar chaos op die aarde gewees het.

Die Here het uit genade die eed gegee sodat die mens en sy woorde weer aan God gebind kan wees. Iemand wat lieg en bedrieg, maak asof sy woorde niks met God te doen het nie. Daarom is dit in die oë van so 'n mens nie so erg om te lieg nie. Maar hoe word ons woorde met die eed weer aan God gebind?

Wanneer 'n mens 'n eed sweer, roep jy eintlik vir God as getuie in. Met 'n eed verklaar jy: Hier staan ek voor die lewende en alwetende God wat alle leuens haat. En voor Hom verklaar ek dat ek die volle waarheid praat. Maar as ek nie die waarheid praat nie, versoek ek die almagtige en alwetende God om my nou in hierdie lewe en ook na hierdie lewe te straf. Die eed is dus eintlik 'n gebed tot die almagtige God waarin ons sy Naam op ons lippe neem.

Nou kan 'n mens jouself afvra wat het die Fariseërs die mense van hulle tyd oor die eed verkeerd geleer. Die aanhaling wat Jesus maak in vers 33 lyk op die oog af nie verkeerd nie. Dit is wel nie 'n woordelike aanhaling uit die Ou Testament nie, maar om te sê: **Jy mag nie vals sweer nie, en Jy moet jou ede aan die Here hou**, is tog reg.

Om regtig te verstaan waarom Jesus sulke skerp uitsprake teen die sweer van 'n eed lewer, moet ons weer op 'n ander plek gaan luister wat het die Fariseërs regtig gedoen. Die Fariseërs en alle Jode het geweet dat 'n mens die Naam van die Here nie mag misbruik nie. Hulle het nogal vas daarop gestaan. Daarom het hulle, in plaas daarvan om die Naam van die Here te gebruik, ander woorde gebruik wat na die Here verwys. 'n Goeie voorbeeld hiervan sien ons telkemale in die boek Matteus. Matteus het vir Jode die evangelie van Jesus Christus geskryf. Daarom het hy nooit geskryf die koninkryk van God nie, maar eerder geskryf die koninkryk van die hemel.

En nou was die Fariseërs nogal uitgeslape wanneer dit kom by die sweer van 'n eed. As jy byvoorbeeld 'n eed by die tempel gesweer het, kon jy maar daardie belofte breek. Dit sou nie 'n oortreding wees nie. Maar as jy 'n eed by die goud in die tempel gesweer het, moes jy jou belofte hou. Of as jy 'n eed by die aarde gesweer het, kon jy dit maar breek. Maar as jy 'n eed by die hemel sweer, mag jy nie jou belofte breek nie.

'n Mens kom dus agter dat dit vir die Fariseërs net gegaan het oor die woorde wat jy gebruik. As jy 'n eed gesweer het sonder om die Naam van die Here uitdruklik te noem, of as jy 'n eed gesweer het by iets wat in hulle oë verder van die Here af is, soos die aarde teenoor die hemel, was jy nie gebind aan die eed nie. Met sulke spitsvondigheid kan 'n mens jou voorstel watter chaos daar in die samelewing geheers het. Solank jy net die regte woorde in jou eed gebruik het, kon jy maar lieg en bedrieg. Jy moet net sorg dat jy nie die Here se Naam uitdruklik noem nie. En jy moet sorg dat die ding waarby jy sweer ver van die Here af is. Sweer eerder by die aarde as by die hemel.

Met hierdie slinksheid het die Fariseërs die eed geheel en al misbruik en vergeet waaroor dit in die eed werklik gaan. As Jesus dan sê: **Sweer hoegenaamd nie – nie by die hemel nie, of by die aarde nie, of by Jerusalem nie**, maak Hy dit duidelik dat dit nie gaan oor

die woorde wat jy in die eed gebruik nie. Waarby jy ook al jou eed sweer, jy sal nooit daarvan kan wegkom om na God te verwys nie. As jy by die hemel sweer, sweer jy by die troon van God en Hy sit daarop. As jy by die aarde sweer, sweer jy by die voetbank van God. As jy by Jerusalem sweer, sweer jy by die stad waaraan God Homself in besonder verbind het. Die hele wêreld behoort immers aan God.

Daarom, of jy nou sy Naam uitdruklik in die eed noem of nie, dit maak nie saak nie. Die feit dat jy 'n eed sweer, roep jy die Naam van die Here aan. As jy sê: ek sweer, roep jy God as getuie om vir die waarheid van jou woorde in te staan. Maar as jy sê: ek sweer, en in die tussentyd lieg jy, roep jy die Here om jou leuen na die waarheid te laat lyk. Jy roep eintlik vir God, wat alle leuens haat, om saam met jou te lieg.

Waarteen waarsku ons Here Jesus ons hier? Hy waarsku ons om nie die derde gebod te oortree nie. **Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydelik gebruik nie.** Geliefdes, mense wat maklik sê hulle sweer, wil met die Naam van die Here krag en geloofwaardigheid aan hulle eie woorde gee, terwyl hulle woorde swak en mank van valsheid is. Pasop, die mens wat so maklik die derde gebod oortree, sal nie terugdeins om ook die negende gebod te oortree nie. Iemand wat so maklik sweer, is iemand wat maklik lieg.

Omdat Jesus wil hê dat gelowiges se getrouheid aan die Woord van God meer moet wees as dié van die Fariseërs, stel Hy dit baie skerp: **Sweer hoegenaamd nie.** Soos baie mense dit vandag ook doen, het die Fariseërs in elke gesprek van elke dag maklik 'n eed gesweer. Die Here het egter die eed gegee om in uiterste gevalle te gebruik, soos byvoorbeeld in 'n hofsak. 'n Christen se getrouheid aan Christus, wanneer dit kom by sy alledaagse gesprekke, moet daarin duidelik word dat hy eenvoudig ja of nee hoef te sê.

'n Christen gebruik die gawe om te kan praat en skryf so dat dit vir hom en haar nooit nodig sal wees om 'n eed te sweer nie. Jy lê jou daarop toe om die waarheid bo alles lief te hê en te praat. Jou woord is jou eer. As mense jou leer ken as iemand wat altyd die waarheid praat, sal dit nooit nodig wees om God se Naam te gebruik om jou woorde geloofwaardig te maak nie. Die mense ken jou reeds as iemand wat geloofwaardig is. Omdat jy getrou is aan Jesus Christus en op grond van sy kosbare bloed aan God behoort, dra jou hele lewe die Naam van God. Mense kan uit jou hele lewe agterkom dat jy aan God behoort, daarom is jou woorde geloofwaardig – jou ja is eenvoudig ja en jou nee is eenvoudig nee.

As 'n mens dit so sê, klink dit asof ons hier van 'n onbereikbare ideaal praat. Dit is maar net enkele mense wat sonder die leuen en sonder die eed kan lewe, wil ons dan sê. Nee, dit is tog nie die geval nie. Jesus Christus het ook vir jou en vir my die leuen en daarmee saam ook die eed oorwin met sy lewe van waarheid. In daardie uiterste omstandighede toe Hy deur die Joodse Raad verhoor is, het Kajafas die hoëpriester vir Jesus onder eed laat sweer dat Hy die Christus, die Seun van God is. Omdat God se eer op die spel was, omdat die Joodse Raad 'n wettige owerheid was, omdat dit absoluut noodsaaklik was om die waarheid te bevestig en omdat dit tot beswil en voordeel van die hele wêreld was, het Jesus onder eed gesê dat Hy die Christus, die Seun van God is. Tot sy eie skade het Jesus gesweer en nie verander nie. En oor hierdie waarheid wat Hy onder eed gepraat het, is Hy oor Gods-lastering gekruisig.

Omdat Jesus Christus vir jou en my sondes, ook vir ons oppervlakkige woorde, ons onnadenkende woorde en ons leuens gesterf het, het Hy sy Gees aan ons gegee. Die Heilige Gees maak die verlossing deur die geloof ons eiendom. Daarom is daar in elke

ware gelowige ook die ywer en gewilligheid om in die waarheid te lewe. Die ware gelowige stry teen elke soort valsheid in sy hart. Hulle streef daarna dat elke woord van hulle die karakter van 'n eed sal dra sodat niemand ooit oor hulle ja of nee sal twyfel nie. Hulle lewe so dat niemand hulle motiewe eers hoef te betwyfel nie, want hulle medemens weet dat hulle betroubaar leef en betroubaar praat.

Vir die ware gelowiges is die sweer van 'n eed dus oorbodig, want hulle laat hulle deur die Gees van waarheid lei om soos Jesus altyd die waarheid te praat selfs al beteken dit dat hulle self skade kan ly. Hulle is mense van hulle woord. Net soos in die geval van egskeiding en die gee van 'n skeibrief is die sweer van 'n eed nie 'n bevel van die Here nie. Die Here laat die egskeiding en die gee van 'n skeibrief in sy genade toe vanweë die hardheid van mense se harte. Die sweer van 'n eed in hierdie stukkende wêreld laat Hy toe vanweë die onbetroubaarheid van mense se woorde. In die koninkryk van God en onder die burgers van God se koninkryk behoort nie een van hierdie twee dinge nodig te wees nie.

'n Mens kan nog vra waarom God by Homself gesweer toe Hy belowe het om vir Abraham te seën (Gen 22:16-17) terwyl Hyself die gelowiges hier in Matteus verbied om 'n eed te sweer? God maak Homself aan ons bekend as die betroubare God. Hy het nie 'n eed aan Abraham gesweer omdat sy eie woorde te swak is nie. Die swakheid is eerder in die mens se geloof geleë. Dit was ter wille van Abraham se geloof in die Here dat Hy so ver gegaan het om te sweer. Abraham moes doodseker wees dat die Here werklik aan hom 'n groot nageslag sal gee al het hy nooit in sy lewe hierdie groot nageslag gesien nie.

Nog 'n ander vraag wat 'n mens kan vra: Is die sweer van 'n eed absoluut verbode vir 'n Christen? Daar is sommige Christene wat baie ernstig daarvoor is en weier om enigsins 'n eed te sweer. In Jesus se onderrig en in sy eie lewe op aarde word dit duidelik dat die sweer van 'n eed nie absoluut verbode is nie. Hy het self onder eed verklaar dat Hy die Christus die Seun van God is. Onder sekere omstandighede kan dit vir 'n gelowige egter nodig wees om 'n eed te sweer, maar Jesus se onderrig in Matteus 5 kom daarop neer dat burgers van die koninkryk nie hulle toevlug tot die sweer van 'n eed neem nie. Hulle laat hulle lei deur die Gees van God om altyd die waarheid te praat.

Mag die waarheid ook kenmerkend wees van elke ware gelowige se woorde en lewe in hierdie gemeente. Kom ons staan mekaar by om werklik gehoorsaam te wees aan Christus Jesus ons Here deur altyd die waarheid te praat. Elkeen wat hom 'n Christen noem, is immers 'n draer van die Here Jesus Christus se Naam.

Amen!

Gebed

Slotpsalm 141:1, 3, 5 (p. 683)

- 1 As daar vir my geen hulp of raad is, / roep ek, o HEER, hoor my gebed!
Ag, haas U tot my hulp, en red / voordat dit hier met my te laat is.
- 3 Mag nooit my woord U smaad, o HEER, nie! / Rys smaadtaal uit die hart se grond –
ag, wil dit wegweier van my mond, / dat ek u Naam nooit mag onteer nie!
- 5 'k Voel my aan liefdetug verbonde: / soos hoofsalf vir my hoof is 't my
as die opregte my kasty; / want liefdetug die laat geen wonde.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Katkisasieopening

Skrifberyming 8-1:1, 2 (Sb 14)

- 1 “Water sal ek op hul sprinkel, / water uit ’n springfontein.”
En van alle onreinighede / was die HEER sy volk dan rein.
“Nuwe harte gee ’k aan julle, / en Ek gee ’n nuwe gees;
’k sal die hart van klip verwyder, / aan jul gee ’n hart van vlees.

- 2 “’k Gee my Heil’ge Gees aan julle, / wat die krag verleen en trou
om te wandel in my weë / en my wet te onderhou.
En jul sal die land van seën / deur my seën weer verkry
waar ’k ’n God sal wees vir julle, / jul ’n volk sal wees vir My.”

**Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
3 Junie 2018**